

**Direkteur Sinode**

# NG Kerk in Oos-Kaapland

**Ds Danie Mouton**

Tel 041 365-3159 (k) - Sel 082 9234 178 - danie@ngkok.co.za - Faks: 0865 860 623  
Posbus 34842, Newtonpark, 6055

---

AAN: LERAARS EN KERKRADE

31 Maart 2020

Liewe vriende,

## 1. VERSOEK: KERKLIKE EIENDOM BESKIKBAAR VIR KLINIEKE

Die SA Raad van Kerke beskik oor 'n COVID-taakspan wat pro-aktief hulpverlening tydens die COVID-19-ramp koördineer.

'n Versoek word hiermee aan **alle kerkrade en gemeentes** gerig rondom die beskikbaarheid van kerklike eiendom (veral kerksale en selfs kerkgeboue) om **klinieke te huisves** vanwaar mediese sorg verleen kan word.

Op hierdie stadium is die navraag pro-aktief. Soos julle weet, sal die situasie baie vinnig verander soos meer mense geïnfekteer word. Tans is veral stedelike gebiede in die fokus, maar dit kan ook vinnig uitbrei na groter en selfs kleiner plattelandse dorpe.

Die klinieke sal deur professionele mediese personeel bestuur word. Dit is 'n geleentheid om 'n wonderlike diens en getuienis in die gemeenskap te lewer, soos Jesus vir ons die voorbeeld stel (Filippense 2).

Ek sal baie bly wees as julle vir my 'n aanduiding kan gee watter van julle gemeentes bereid is om klinieke te huisves. **Ons hoor graag van julle.**

## 2. VOEDINGSHULP AAN NOODLYDENDES

'n Groot bekommernis is die groot hoeveelheid mense wat geen inkomste verdien terwyl ons in die grendeltydperk is. Daar is ook werkloses en persone vir wie oorlewing 'n baie groot uitdaging gaan wees.

Een van die lidmate in Port Alfred loods 'n plaaslike hulpverlening inisiatief wat die omliggende gemeenskappe insluit. Lidmate, besighede en lede van die gemeenskap word gevra om geld te skenk waarmee mieliemeel gekoop word. Die geld word in die gemeente se rekening inbetaal en die mieliemeel word – in hierdie geval – deur die SA Polisie diens versprei. **Ek heg vir julle die raamwerk aan**, in die lidmaat se woorde (en spelling) beskryf.

Dit is 'n voorbeeld van hoe plaaslike gemeenskappe prakties hulp kan verleen. Die verwagting is dat die gesig van COVID-19 binne weke of selfs dae radikaal kan verander op plaaslike vlak. Die bejaardes, siekes, brose persone en die armstes van die armes gaan die swaarste kry.

In elke plaaslike gemeenskap het gemeentes vennote met wie hulle kan saamwerk. In julle geval mag dit dalk nie die plaaslike polisie wees (soos in ons voorbeeld nie), maar nietemin: vennote vermenigvuldig die impak wat ons kan maak.

### **3. KLEURE LAPPE OF STRIKKIES**

Ek verneem ook van 'n plaaslike inisiatief om van kleure lappe of strikke gebruik te maak. Almal in die omgewing word aangemoedig om 'n lap met een van vier kleure aan die heining vas te maak. Mense wat mag rondbeweeg kyk na die kleure en rapporteer nood waar dit opgemerk word.

Die kleure werk as volg:

- Wit: alles goed
- Geel: sukkel met kos.
- Groen: is siek of het iemand wat siek is, potensiale Covid-19.
- Rooi: het die virus / is siek.

Die doel is om veral persone wat nie meer mobiel is of so maklik kan kommunikeer nie in staat te stel om hul nood bekend te maak.

### **4. HULP VIR FAMILIES EN ANDER INGEPERKTES**

DinkJeug laat weet: Ons het 'n daaglikse podsending beskikbaar met 'n huisgeloof oordenking wat families kan help om saam te gesels oor die Bybel, geloof en die lewe. Gesinne kan saambid en die aktiwiteite doen om hul geloof en verhoudings te versterk. Dit behoort so tussen vyf en vyftien minute te neem.

Gesinne met voorskoolse kinders sou dit maklik self kon aanpas deur byvoorbeeld die teks in 'n Kinderbybel op te soek. Die app is reeds gratis in die Apple iStore beskikbaar – klik [hier](#) of soek vir "DinkJeug families" in die iStore. Binnekort sal die app ook op Google Play beskikbaar wees. Intussen kan Android gebruikers na die oordenkings luister op die DinkJeug [webblad](#) of op DinkJeug se [SoundCloud](#) by 'playlists'.

Kyk gerus ook na die wonderlike bronne beskikbaar by [www.kieskerk.com](http://www.kieskerk.com), soos die aftelkalender en bronnebord.

### **5. NOGMAALS :RIGLYNE OOR BEGRAFNISSIE**

Gustav Claassen van die Algemene Sinode verskaf die volgende inligting om lig te werp op kwessies rondom die hantering van begrafnisse tydens die inperking.

Een van die kernelemente is steeds dat roudienste nie vanuit kerkgeboue gehou mag word nie. Gustav skryf: "Die Minister van Saamwerkende Regering het op 23 Maart 'n tweede, aanvullende stel regulasies uitgevaardig wat daarop gemik is om die verspreiding van die COVID-19-virus te keer. Die eerste regulasies is verlede week ná president Ramaphosa se afkondiging uitgevaardig, onder meer die bepaling dat daar minder as 100 mense by 'n samekoms moet wees. Op 26 Maart is sekere riglyne in die staatskoerant gepubliseer onder die opskrif: FUNERAL REGULATIONS DURING THE INITIAL 21 DAY LOCKDOWN PERIOD. (Regulations and Gazette Notices issued on the 25th of March 2020. Lockdown effective from 23:59 on

Thursday 26 March 2020.) In Bylaag B word persone geïdentifiseer wat noodsaaklike dienste moet lewer. Predikante se dienste in 'n geval van nood word onder punt 10, 11 en 27 genoem. Die kerkraad as julle werkgewer kan 'n brief op 'n briefhoof aan julle verskaf. Klik [hier](#) vir meer besonderhede oor die riglyne en 'n voorbeeld van 'n permit om noodsaaklike dienste te lewer."

Vrede,

Danie Mouton  
Direkteur Sinode